HOE OM JOU EIE BLEIKMIDDELMENGSEL VIR DIE ONTSMETTING VAN OPPERVLAKKE TE MAAK

OM DIE VERSPREIDING VAN COVID-19 TE VERHOED

1.

MENG 6 teelepels (30 mℓ) bleikmiddel met 1 ℓ water OF 1 en 'n halwe teelepel met 1 koppie water.

2.

SKUD die bleikmiddelmengsel goed.

3.

MAAK alle oppervlakke **SKOON** waaraan gereeld gevat word. Gebruik gewone huisseep of skoonmaakmiddel.

4.

VEE die gewone huisseep of skoonmaakmiddel van die oppervlakke AF voor jy die bleikmiddel gebruik.

5.

SPUIT OF SMEER die bleikmiddel met 'n skoon lap aan die plekke waaraan daar gereeld gevat word.

6.

LOS die bleikmiddel vir 2 minute lank op die oppervlak wat ontsmet word.

7.

VEE dit met 'n skoon lap **AF** (slegs water).

8.

HERHAAL die afwas en ontsmetting van oppervlakke gereeld.

WAARSKUWING:

- Moenie bleikmiddel met enige ander skoonmaakproduk meng nie. Dit sal 'n uiters giftige produk skep.
- Maak seker daar is baie vars lug waar en wanneer jy die bleikmiddelmengsel gebruik.
- Merk die bleikmiddelmengsel duidelik en hou dit buite bereik van kinders.
- Hou die bleikmiddelmengsel in 'n goed verseëlde houer (indien moontlik wat nie kan lek nie).
- Moenie die bleikmiddelmengsel sluk of drink nie. Dit is uiters giftig.
- Moenie gedurende of na ontsmetting met bleikmiddel aan jou gesig vat nie.
- Was jou hande met seep en water vir ten minste 20 sekondes nadat jy skoongemaak het.
- Moenie die bleikmiddelmengsel in direkte sonlig bêre nie.
- Gooi die oorskietmengsel in 'n drein af (riool, nie die stormwaterdrein of in die straat nie).
- Maak elke dag 'n nuwe oplossing.

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Was jou hande. Ontsmet oppervlakke. Bly op 'n afstand.

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.